

DIE EISE VAN DIE NUWE TYD

1911.T. 3(22)

Deur Prof. H.B. Thom

(Voorsittersrede, Agtiende Tweejaarlikse F.A.K.-Kongres,  
Stellenbosch, 14 Julie 1966, 10 vm.)

Ons Kongres staan in die teken van Taal en Taalhandhawing. Dit het noodsaaklik geword dat die hoogste liggaam van die F.A.K., die Kongres, hieraan aandag wy, want die Afrikaner se taalhandhawing laat vandag ongetwyfeld veel te wense oor.

Dit is goed dat ons aan hierdie onderwerp juis hier op Stellenbosch aandag wy, hier waar ons vanjaar (1966) oor 'n honderd jaar van hoër onderwys terug kyk, en waar bowendien ons oudste Afrikaanse universiteit gevestig is. ~~xx~~ Eenfes.

In my voorsittersrede wil ek nie op Taal en Taalhandhawing as sodanig ingaan nie. Ek laat dit in die hande van die referente, wat in die loop van ons Kongres die vernaamste sye daarvan sal bespreek.

Ek wil my eerder bepaal by sekere nuwe eise wat veranderde tydsomstandighede vandag aan ons stel. Dit sal in baie opsigte die agtergrond uitmaak waarteen ons verdere besprekings gevoer sal word. Met die oog hierop staan ek eers stil by sekere bevindings van die F.A.K. in die jongste tyd, dan by die beleid van die F.A.K., en vervolgens by sekere verskynsels onder ons volk daarbuite.

A. Vir die vernaamste gesagsliggame van die F.A.K., t.w. die Kongres, die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad en die Uitvoerende Komitee, het dit in die afgelope jare baie duidelik geword dat daar op die kulturele terrein by die Afrikaner radikale veranderinge ingetree het. Die Uitvoerende Komitee het deur

verskeie/.....

verskeie jare heen ernstige aandag hieraan gewy, en met verloop van tyd tot sekere bevindings gekom. Hierdie bevindings was dikwels erg ontstellend, en huis daarom was dit des te meer noodsaaklik dat die ware feite onder die oë gesien word.

Dit het duidelik geword dat die ou patronen in ons nuwe tyd en veranderde tydsomstandighede nie meer <sup>sonder meer</sup> gedeug het nie. XX. Die ou kultuurverenigings en skakelkomitees het uitgedien geraak; die opkomste by Van Riebeeckdag, Krugerdag en Geloftedag het onrusbarend gekrimp, en op baie plekke is die betrokke feeste glad nie meer gevier nie; taalhandhawing het verflou, en die moeder-taalskool het nie meer die geesdriftige ondersteuning van weleer gekry nie; en die F.A.K. het met honderde donatieflede en ge-affilieerde lede gesit, wat hulle verpligtinge nie nagekom het en hulle nie eers verwerdig het om op herinneringsbriewe te antwoord nie. En ten slotte: die Rdb. en die Ekonomiese Instituut het opgehou om te bestaan. *Doel gedien, welaar.*

Dit is nie 'n verkwickende beeld nie. Vir baie was die verklaring eenvoudig: daar het 'n kulturele insinking by die Afrikaner gekom, en hy stel nie meer belang in sy eie kultuurgoe-dere nie.

Maar so eenvoudig was die saak seer seker nie. Immers, hoe sou 'n mens dan kon verklaar dat die Afrikaner op die staatkundige terrein sterker was as ooit tevore; dat hy op die ekonomiese terrein kragdadiglik vooruit gebeur het; dat Afrikaanse Universiteite gefloreer het; en dat Afrikaanse kerke grootse take met krag deurgevoer het? En hoe sou 'n mens kon verklaar dat bv. die F.A.K.-Volksangbundel nog steeds 'n onverminderde afset onder Afrikaners gevind het? XX *Mer vir Volksangbundel.*

Die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. het bevind dat dit niks baat om net oor 'n "insinking" of "gebrek aan belangstelling"

te kla/.....

te kla nie, maar dat ons die feit moes aanvaar dat tydsomstandighede anders geword het, en dat ons moes sorg om ons, met behoud van wat vir ons prinsipieel en fundamenteel is, by die nuwe tyd aan te pas. Dit was noodsaaklik as die F.A.K. werklik 'n krag in die diens van die Afrikaner wou wees en bly.

B. Die genoemde bevindinge het daar toe geleei dat die F.A.K. sy beleid grondig hersien het. Die Uitvoerende Komitee wil natuurlik geensins beweer dat hy al die probleme opgelos het nie, of dat die stappe wat hy gedoen het, almal ewe geslaag was nie. 'n Paar voorbeelde is egter genoeg om die aard en inhoud van die nuwe beleid aan te dui.

Daar is veral besef dat ons vandag veel meer dinamies as voorheen moet optree, en ook dat die F.A.K., as sentrale Afrikaanse kultuurorganisasie, veel meer as vroeër regstreeks tot die individuele Afrikaner moet spreek. Ten gevolge hiervan is die Republiek in streke verdeel en word daar in die streke, deur middel van vandaag 9 plaaslike organisierders, intensieve organisasiewerk gedoen. Op baie plekke in die streke is gebiedskultuurrade gestig en word ook kultuurkonferensies gereël.

Wat ledewerwing betref, het daar ook 'n groot verandering gekom. Vroeër het die F.A.K., naas geaffilieerde lede en mee-werkende lede, eintlik hoofsaaklik donateurlede gehad, d.i. individuele persone wat minstens ~~R2~~<sup>1</sup> R5 per jaar skenk. Nou het die klem baie meer geval op die werwing van lewenslede, d.i. persone wat 'n bedrag van minstens R40 ineens bydra.

Die behoefté is ook sterk gevoel dat die F.A.K. sy eie tydskrif moes hê, en van verskeie kante is by die Uitvoerende Komitee ernstig hierop aangedring. Die resultaat was dat Handhaaf gestig is, ons maandblad wat vandag reeds dwarsdeur ons land gretig gelees word en onder Afrikaners 'n wesenlike kultuurband skep.

Handhaaf/.....

Handhaaf en ander publikasies het weer meegebring dat die F.A.K. daartoe oorgegaan het om 'n beperkte drukkery op te rig, wat tans onder 'n afsonderlike bestuur geplaas word en vir die F.A.K. 'n belangrike hulpmiddel in sy kultuurtaak geblyk het.

Om die Afrikaner se behoefte aan goeie musiek te help bevredig, is die Plateklub gestig. Plate word so billik moontlik vervaardig, en aldus spreek die F.A.K. hiermee - net soos hy met die Sangbundel doen - regstreeks tot die Afrikaner, selfs in sy intieme huislike kring. Ook is die rolprent ingespan. Wie sal ons taalrolprent Doodkry is Min vergeet; en binne afsienbare tyd sal daar miskien 'n grootse nuwe Afrikaanse kultuurprent die lig sien.

Daar kan ook nog verwys word na die feit dat die F.A.K. die landswye administrasie vir die Rapportryersbeweging onderneem. Dit geskied, ten gevolge van 'n ooreenkoms, teen 'n baie billike jaarlikse bedrag, en daardeur help die F.A.K. hierdie voortstuwendje, jeugdige Afrikanerbeweging om sy trefkrag op kulturele gebied te verskerp en te vergroot.

Hier het ons aanduidinge van die F.A.K. se nuwe beleid. Dit verteenwoordig sy poging om aan die eise van die nuwe tyd te voldoen en sy kultuurtaak in hierdie tyd met vrug te volvoer.

Maar sulke dinge kom nie vanself nie; daarvoor moet hard gewerk word, en fondse moet gevind word. Harde werk het egter ook reeds sy resultate gelewer: ons het vandag ongeveer 8,000 lewenslede en 3,000 donatuerlede; die oplaat van Handhaaf het reeds **13**,000 bereik, en ons jaarlikse inkomste en uitgawes het enorm gestyg soos die jongste jaarverslag aantoon. Dit is sulke resultate, en die wete dat 'n mens iets moois vir die toekoms bou, wat jou besiel en aanspoor om in jou arbeid vol te hou.

C. As ons na ons volk in die algemeen kyk, merk ons 'n groot mate van tevredenheid met wat in die verlede <sup>op kulturele gebied</sup> bereik is, en tewens 'n angsvalligheid om te behou en te bewaar wat bereik is. Dat dit só is, is seker goed en reg, en dit gee ons inderdaad ook krag in ons kultuurstryd.

Maar hierdie deug moet nie oordryf word en miskien in 'n swakheid ontaard nie. So 'n stelling klink vreemd, en vir sommige van ons miskien skokkend, maar dit vat m.i. 'n groot gevaar saam waarvoor ons vandag te staan gekom het.

As 'n mens gedurig tevrede is, té tevrede is, word jy selftevrede en selfvoldaan, en jou denkkrag en daadkrag ly daaronder. En as jy ingestel is slegs op die angsvallige bewaring van wat bereik is, sal jy miskien wel mooi kleinode van die verlede behou, maar jy sal nie nuwe kulturele oorwinnings behaal nie.  
*(Teorie van Toynbee)*.

Ons kan nie tevrede wees om te bly staan by wat in die verlede gepresteer is nie. Die tyd het aangebreek dat ons ons Afrikanerskap met verstand en oortuiging moet uitdra, selfs in kringe waar dit tot nou toe met venynige vyandigheid bejeën is. Die stadium is verby dat die Afrikaner in fisiese en geestelike isolement van eie huis en eie kring sy krag moes soek; hy het sterk genoeg geword om uit te gaan en sy Afrikanerskap voort te dra.

Daar is gelukkig tal van Afrikaners wat dit besef en vandag in hierdie gees handel. Maar daar is ongelukkig ook baie onder ons wat al te maklik teenoor sulke Afrikaners agterdogtig word en met kritiek klaar sit. As 'n vooraanstaande Afrikaner bv. in 'n komitee dien, waarvan ook sekere nie-Afrikaners lede is, word hy baie maklik gekritiseer en selfs in verdenking gebring. Of as 'n sterk Afrikaanse maatskappy op 'n bepaalde grondslag met 'n nie-Afrikaanse maatskappy saamwerk, word maklik gesê dat so 'n

Afrikaanse maatskappy die spoor byster geraak het.

(*Geval op Afrika-simposium*).

In sulke gevalle moet ons met ons kritiek liewer minder paraat wees. Ons moet ons eerder afvra of sulke Afrikaners en Afrikaanse instansies nie dalk besig is om die Afrikaner se kultuursaak veel beter te dien nie as hy wat selftevrede geword het met die goeie, en min doen om vir die toekoms ~~nie~~ die hande uit die moue te steek. Ons moet onthou dat die krag van ons kultuur nie net gemeet <sup>sal</sup> word aan die mate waarin ons kultuurskatte koester wat ons van voorgeslagte ontvang het nie, maar veral ook aan die mate waarin ons uit trek om daardie kultuurskatte te ontwikkel en tot groter bloei te bring.

Vanselfsprekend wil ek nie betoog dat alle Afrikaners, ook onervare jong mense, hulle maar sonder meer aan vreemde, denasionaliserende invloede moet blootstel nie. *XIX Mnr. Herzog*. Vir diesulkes kan dit inderdaad kulturele selfmoord wees. Maar ek praat van erkende, insigryke Afrikaners en gevestigde, betroubare Afrikaner-instansies wat weet waar hulle staan, wat hulle tyd en plek kies en wie se Afrikanerskap nie in twyfel getrek hoef te word nie.

*Rype mense : Eie geval, en ander : Daanbaan, dr. M. S. L. van Eck, dr. R. P. dr. Etienne Rotman, Steun instryke nie in alles saam nie!*

Die nuwe tyd eis van ons leiers en van ons volk op die kultuurterrein 'n dieper begrip, doeltreffender daadkrag en ruimer optrede as wat tot nou toe die geval was. En al sou dit met 'n mate van onrus, met selfondersoek en met onstuimigheid in die gemoed gepaard gaan, is dit ook nie so erg nie, want dan toon dit ten minste dat ons nie doodtevrede is nie, en dat ons aan die beweeg is.

Ons sal moet doen wat die Uitvoerende Komitee en die ander gesagsliggame van die F.A.K. probeer doen het: ons sal ons deeglik rekenskap van veranderende tydsomstandighede moet gee; ons sal op die prinsipiële grondslag van die verlede die eise van die nuwe tyd moet bepaal; en ons sal dienooreenkomsdig met insig en begrip moet optree. Ons sal egter bowenmal meer strydvaardigheid aan die

dag moet lê. Ons sal die kulturele regte en belang van ons anderstalige mede-burgers moet respekteer, maar ons sal moet weet dat dit wat tot die Afrikaner <sup>be</sup> hoort, ons besondere, eie verantwoordelikheid is. Dit geld vir ons hele kultuurterrein; dit <sup>was die sel. v.d. Afr. vataam. en</sup> geld egter veral vir ons taal. Want dit is ons taal <sup>waar</sup> wat vir ons as Afrikaners ons vernaamste, ons mees fundamentele kultuurskat is, en dit ook altyd sal bly.

Mag hfd Kongres sy bydrae lewer om ons tot 'n nuwe besef hieron te bring; en mag ons met Godsvryste voortgaan om ons hfd besef in ons <sup>\*\*\*\*\*</sup> hart <sup>in</sup> die toekoms van die oorloë konstig te handel.

---

# J.S. F.A.K. — Openingsrede.

## AANTEKENINGS VAN BERIGTE IN DIE S.A. OBSERVER

Februarie 1964 - Bls. 16 - i.s. S.A. Stigting uit "Our Readers Say ..." (.... some of the big men of the S.A. Found. controllers of Argus - responsible for present overseas image of S.A. Foundation has announced that Administrator of the Cape has decided to classify Found. as an organisation promoting interests of public, to which municipalities and divisional councils may contribute.)

April 1964 - Hoofartikel "Trojan Horse Tactics in S.A. Politics" - Bls. 1 - nie onderteken. (Stellenbosch University, Sabre-Liberalist operation, Japie Basson, Prof. Olivier, Anton Rupert, the subversive U.S.-S.A. Leader Exchange Programme.)

Mei 1964 - Inleidingsartikel bls. 2, 3 en 4. (Nie onderteken) "S.A. Foundation's new Membership - A bargain at the price." (Afrikaans Financiers - Mr. Anton Rupert, Mr. W.B. Coetzer, Dr. M.S. Louw, Mr. Jan S. Marais. U.S.-S.A. Leader Exch. Pr. Dr. Van Eck, Mr. A. Rupert, Ds. Landman, Prof. Thom, Prof. Olivier.)

Junie 1964 - Inleidingsartikel bls. 3 "An International Passport to National Decline" (nie onderteken). (Dr. Rupert and Mr. Jan Marais and other political POW's now find that the deadly enemies of S.A. nationalism are "not such bad chaps after all", S.A. Found.) Ook bls. 16 uit "Our Readers Say ..."

September 1964 - Inleidingsartikel bls. 2 (nie onderteken). "A sad day for South Africa" (Afrikaners in S.A. Found. tighten their grip on the Afrikaanse Handelsinstituut of which Mr. Muller is one of the top office bearers.)

Oktober 1964 - Inleidingsartikel bls. 1 en 2 - nie onderteken. "Meaning of the Oppenheimer Breakthrough" (Whereas Oppenheimer never misses an opportunity to pronounce his "progressive" policies, Afrikaans financiers and industrialists to be found in the S.A. Found. are usually loud in their silence, when it comes to standing up for our traditional policies. Mr. Coetzer, Fed. Mynbou and Rev. C.B. Brink yoked with people like dr. Ellen Hellmann, Mr. F.J. van Wyk and Mr. Quinton Whyte far-left S.A. Institute of Race Relations.) Ook onderaan bls. 10 "Collier's Encyclopaedia Distortions" (Dr. Gwendolyn Carter).

November 1964 - Inleidingsartikel bls. 1 "Anton Rupert falls headlong into his own pit" - nie onderteken. (Ook mnr. Jan S. Marais, mnr. W.B. Coetzer en mnr. Tom Muller.)

Desember/.....

Desember 1964 - Inleidingsartikel bls. 1, 2 en 3 "Anton Rupert will have to think again" - nie onderteken. (May issue of English journal which depends on sympathy of Afrikaner attack is launched against dr. M.S. Louw, Dr. Van Eck, Dr. Rupert, Mr. Coetzer, Mr. Jan S. Marais and Prof. H.B. Thom. Strange company, <sup>in which</sup> the same men move) Nog verwysings na F.A.K. en u as voorsitter i.s. Leader Ech. Programme. (Has it ever occurred to Prof. Thom that his position as Principal of Stellenbosch University and as chairman of the F.A.K. (of all Afrikaans cultural organisations), has given the L.E. Programme that status and high degree of respectability in S.A. which the American promoters of the Programme must regard as heavensent, in their efforts to penetrate the South African citadel and to pave the way for social change in S.A.?)

Februarie 1965 - bls. 16 "Our Readers say ..." i.s. L.E. Programme Since when do Harry O. and Sir Alfred Robinson represent the English section in S.A. Perhaps directors of Financial Gazette Dr. Van Eck and Marius Jooste and Willem van Heerden should explain.

April 1965 - bls. 4 "The Political Opposition in S.A. - its Future Analysed" from Parliamentary Correspondent. (S.A. Found. Key rôles being played by Dr. Van Eck, Dr. A. Rupert and Prof. H.B. Thom in the U.S.-S.A. L.E. Programme which provides excellent organisation for channelling American liberalism into Afrikaans universities, churches and cultural circles.) Verwys ook na mnr. Piet Cillié, prof. Olivier, en ander.

Junie 1965 - bls. 9 "The Phenomenon of 'Dawie'" from Parliamentary Correspondent. Verwys na mnr. Piet Cillié, editor of "Die Burger" has in the last few years tried hard to change the views of Nationalists.

Julie 1965 - Inleidingsartikel bls. 2 "Something rotten in the State of Holland" - nie onderteken. (Harry O., Clive Corder and American Charles Engelhard, top men in S.A. Found. seeking to raise R500,000 annually to "improve" S.A. image overseas.)

Augustus 1965 - bls. 13 "South Africa Foundation begins to show its true colours" - Editor, S.A. Observer. (Kommentaar op "report in the New York Herald Tribune of July 20" .... "apart from the tame Afrikaners in the Organisation it is

filled to the brim with liberals, progressives and internationals who basically support American integration policy.)

September 1965 - Inleidingsartikel bls. 1, 2, 3 en 4 "Carnegie Blueprint for war on South Africa". (Lang artikel oor L.E. Programme met baie verwysings na Rembrandt (dr. Rupert), die Universiteit en uself, e.a.) Nie onderteken. Ook bls. 5 "Liberalism: The Enemy of Good Christians".

November 1965 - Inleidingsartikel bls. 1, 2 en 4 "U.S.-S.A. Leader Exchange Programme - and Double-Talk" - nie onderteken. (South Africans who as Committee members (gee name o.a. u naam ook) helped to set up the organisation in 1958, and who at that time were regarded by the public as being conservatives. Presence of these men and whose active support of the Programme over the years have provided it with that umbrella of respectability which the totalitarian liberals so sorely needed.)

Februarie 1966 - bls. 1 en 2 Inleidingsartikel "An open letter to Dirk Richard, Editor of 'Dagbreek'" - The Editor. Verwys ook na S.A.-U.S. L.E. Programme and S.A. Found.

April 1966 - bls. 3 Inleidingsartikel "An open letter to Sir Francis de Guingand" - The Editor. Ook bls. 14 "Leader Exchange Chickens still coming home to roost". (Verwys na Vernon McKay of America, who helped to initiate ~~and~~ the present Hearings in Washington and who is playing a leading role in them against us, but who last year also helped to initiate and write the Carnegie Endowment's battle blueprint for a U.N. war against S.A.! McKay is the same man who has been "building bridges of understanding" in the U.S.-S.A. L.E. Programme. Gee weer u name as lede van Found.)

Junie 1966 - Inleidingsartikel bls. 1, 2 en 3 "Robert Kennedy - Agent of Subversion" - nie onderteken. "But what is quite unbelievable is how he came to be invited to address students at the Simonsberg Men's Residence at the University of Stellenbosch."